


***19 Februarie 2026***

Geagte Ouer / Voog en Gemeenskap

Met groot dank aan elkeen vir u positiewe ondersteuning met voorbereiding vir Interlaer. Ons is werklik bevoorreg om deel te kon wees van Interlaer 2026. Ons 26ste agtereenvolgende wen. Ons gelukwensing aan afrigters en atlete wat alle afdelings gewen het - alle trofees.

Ons is ongelooflik trots op julle! Ons beste wense vergesel elkeen van ons 95 atlete na BLAV op Vrydag, 20 Februarie vir seleksie om aan D6- Kampioenskappe te gaan deelneem.

Ons is nou in fase van toetse en assessering. Maak asseblief seker dat jy voorberei en reg is om jou beste te gee vir jou beste punte. Waar jy twyfel vra asseblief vir hulp by personeel.

Geluk aan ons personeel met 100% slaagsyfer vir Gr 7 departementele vraestelle einde 2025.

Ouers ek vra weer hulp met aflaai en oplaai van leerders, ons kan nie geïrriteerd raak as ons na 07:15 wil aflaai nie, dan is verkeer baie besig en is kans om iemand raak te ry groot. Help asseblief. Uittrek uit parkering - kyk asseblief vir aankomende verkeer en leerders wat kruis.

Ek verwys weer en vra ook dat ons soos by enige firma orde van aanmeldings sal volg en intern sal oplos om die voortbestaan van ons skool te verseker. Volgorde is - registerpersoneel, graadhoof, departementshoofde, adjunkhoof, hoof of ook beheerliggaam. Ons dien dieselfde gemeenskap en wil die beste lewer aan elkeen.

Ons dank u vir hulp met BLAV en D6 dat u verstaan van ons personeel en afrigters is beamptes asook afrigters. Tydens hierdie dae moet ons by skool en sport wees.

Ons wys weer op skooltye en laatkom en geen leerder wat skoolgrond betreë het mag gronde verlaat sonder uitteken nie. Geen leerder mag buite die hek wees nadat afgelaai is nie.

Ons God is groot en ons lê ons bekommernisse by Sy voete neer.

C Blignaut

Hoof

SKAAKPROEWE

Neem asseblief kennis dat daar skaakproewe vir alle Graad 3 tot 7 leerders gehou sal word op Dinsdag, 24 Februarie, vanaf 13:45 tot 14:30.

Leerders wat wil deelneem, moet asseblief voor juf. Z. Botes se klas bymekaar kom.

Ons sien uit daarna om nuwe skaaktalente te ontdek!

HOKKIE:

Sterkte met die volgende O/12 en O/13 dogters wat die komende naweek begin met hul HPC-rondte vir Oos-Gauteng hokkie spanne.

| | |
|---|---|
| O/12 | Skyleigh Burger |
| | Miane Jv Rensburg |
| | Mieke Pienaar |
| O/13 | Sjanri Botha |
| | Tiffney vd Merwe |

